

Druppels

Waterval- Gemeente

Januarie 2022



OM MET GOD TE PRAAT

*DOEN DIT ALLES BIDDEND EN SMEEK GOD BY
ELKE GELEENTHEID DEUR DIE GEES. EF 6:18*

Wanneer `n mens nie met iemand praat nie, kan jy hom nie verstaan nie. Jy weet nie wat hy wil hê nie. So is dit ook met God. Wanneer jy nie met Hom praat nie, sal jy nie weet hoe Hy wil hê jy moet optree nie.

Jy praat met God deur gebed. Gebed is dus nie net wanneer jy op jou knieë staan of wanneer jou oë toe is nie. Gebed is `n vriendskap met God. Daarom kan jy elke oomblik met Hom gesels. God slaap of rus nooit nie. Hy kan jou enige tyd hoor, wanneer jy iets het om te sê , sê dit dadelik en wag vir `n antwoord.

Hierdie jaar sal baie probleme hê, God gee jou die toerusting om dit op te los. Bid tot Hom om jou wysheid en kennis te gee sodat jy sy plan kan volg.

Gemeentenuus

Hier is ons kerskouse wat aan die kinders wat Kersdag in die kerk was, uitgedeel is. Hoop die kinders het hulle bederfies geniet. Baie dankie vir almal vir julle bydraes !!



Dankie aan die Besige Bye vir die heerlike bederf!!!

WATERVAL GEMEENTE OM DIE WêRELD ETE PASPOORT

Italië: Lasagne "Bunny chow" Mastel
R40 - Een dis
R100 - Drie disse(kan verdeel word tussen lande of almal by een land)
R200 - Ses disse(kan verdeel word tussen lande of almal by een land)

Baie dankie vir elkeen se bydra met ons Om die wêreld ete. Dit was 'n groot sukses en ook 'n goeie leerskool. Ons sien julle by die volgende toer...



B&H Draughting Services.

Vir alle "AD-HOC" Staal Struktuur en Meganiese teken in 2D en 3D Ek werk op AutoCAD of MicroStation.

Dan doen ek ook ligte staal werk van die huis af:

Herstelwerk en bou van hekke, heinings, diefwerings ens.

Jy het 'n ideë van wat jy wil hê, ek ontwerp en bou hom.

Kontak: Bennie Badenhorst
084 3601253

E-pos. bhdraughting@gmail.com



Eiers beskikbaar
Hilda 074 408 0392

Geelbladsye



VUURSPEL HOUT

Hout te koop

Sekelbos - Klein sak @R20
Black Wattle - Groot sak @ R80
Klein sak @ R20
Kontak Thys du Preez - 073 166 7465



Gemeente Kontakbesonderhede
Posbus 442, Bergbron, 1712
Hv Longweg en 11de str, Newlands
011 4778534

ngwaterval@absamail.co.za

Diens: Sondag 08.30
Bybelstudie: Dinsdag 08.45
Gebedsgroep: Woensdag 10.00

BANKBESONDERHEDE

ABSA ,
Waterval Gemeente NPC
Rek nr: 4099924637

BEDIENINGE

<u>Kerkkantoor</u>	011 4778534
<u>Musiekbediening@Waterval</u>	
Pieter Kruger	083 443 7694
<u>Jeugbediening</u>	
Renaldo de Buys	072 920 5896
<u>Besige Bye</u>	
Ralie van Heerden	083 788 2317
<u>Diens van Barmhartigheid</u>	
Thys du Preez	073 166 7465
<u>Druppels</u>	
Ds Willie	082 680 1473

Om SnapScan te kry:

1. Download die App op jou foon vanaf die App Store. Dis gratis.
2. Jy moet jou besonderhede voltooi soos bv naam, van, epos adres, selfoon no ens.
3. 'n Debiet- of Kredietkaart moet gekoppel word aan jou profiel. Die app maak dit maklik deur dat jy op die app 'n foto neem van jou kaart en hy voltooi self meeste van die besonderhede. Die 1 of 2 ander goed sal die app vra.
4. Jy moet 'n pin kode kies wat met elke betaal ingesleutel moet word
5. Daarna is jy reg om die app te begin gebruik.



Snap here to pay

SnapScan

Om SnapScan te gebruik:

1. Open jou SnapScan App
2. Onder in die middle van die skerm is 'n knoppie vir 'n kamera. Klik op dit. Dit sal lyk of jy foto wil neem.
3. Neem Waterval se QR kode af en dit neem jou direk na Waterval se besonderhede.
4. Vul 'n bedrag in en kies betaal. Sleutel jou pinkode in.
5. Dit bedrag sal dan outomaties vanaf jou rekening betaal word na Waterval.
6. Indien dit 'n verwysing vra kan jy jou naam en van gebruik of slegs sê donasie/kollekte of nvt net soos jy verkies.



Daar kan ook 'n link via WhatsApp of SMS gestuur word wat jou neem na Waterval se besonderhede op SnapScan waar jy dan 'n betaling kan maak.

Die betaling stappe is verder dieselfde enigste verskil is jy klik op die link in plek van die foto neem van QR kode

Die tien gebooie vir die getroude lewe

- 
1. Eksklusiwiteit: Soos God eis dat ons aan HOM alleen getrou moet wees, is die huwelik ook 'n afbeelding van getrouheid teenoor EEN persoon.
 2. Geen plaasvervangers: in die wet eis die Here dat ons geen afgode mag aanbid nie. So is die huwelik ook 'n afbeelding van God se eis dat ons niks in die plek van ons huwelikmaat mag stel nie.
 3. Praat mooi van mekaar: Wanneer die wet eis dat ons die naam van die Here nie ydelik mag gebruik nie, is dit sodat ons sy naam en gedagtenis moet eer. So moet ons ook ons huweliksmaats opbou deur dit wat ons van hulle se.
 4. Sonder TYD vir mekaar af: Wanneer God eis dat ons die Sabbat moet Heilig, is dit om tyd af te sonder vir HOM. So moet ons ook in die huwelik tyd afsonder vir mekaar, tyd saam spandeer om mekaar beter te leer ken en mekaar te kan opbou.
 5. EER mekaar: die wet gebied ons om ons ouers en almal wat oor ons gestel is te eer. So moet ons ook in die huwelik mekaar eer deur woorde, gedagtes en dae. Jou huweliksmaat is per slot van sake ook die ouer van jou kinders en hulle leer by jou hoe om eerbiedig op te tree.

6. Moenie haatdraend teenoor mekaar wees nie: Moord impliseer nie net fisiese moord nie, maar ook psigies. Om lief te hê is 'n daadwerklike besluit – so ook om te haat. Kies om te alle tye lief te wees vir jou maat, hoe kwaad jy ook al mag wees.
7. Jy mag nie egbreuk pleeg nie...: nie in woorde, gedagtes of dae nie. Opregte liefde DIEN, lus wil net ontvang. Opregte liefde VOED, lus wurg. Dink ook daaraan: om so liefdeloos teenoor jou maat te leef dat jy hom nie as huweliksmaat hanteer nie, is niks anders as egbreuk nie.
8. Moenie steel nie. Om iets van iemand te neem wat nie aan jou behoort nie, is om te steel.... Moet jou maat van niks beroof wat hom toekom nie – hetsy fisies of emosioneel nie.
9. Moenie vals wees nie: Integriteit is baie belangrik in 'n verhouding. Jou maat moet weet hy kan jou, en dit wat jy sê vertrou.
10. Moenie begeer nie: Wees tevrede met wat jy het en spreek ook dankbaarheid uit vir dit wat jou maat vir jou doen.



Aan myself en my geliefdes wens ek 'n maskerlose 2022 toe.

Mag ons moerse vure maak met muwwe maskers en praat dat die spoeg spat. Mag lipstiffie op special wees en sanitiser stink.

Mag verkoues en griep hulle eksotiese name afskud en mag iemand vir jou rooi jellie en vla gee as jy olik voel. Mag gemmerbrandewyn en Vicks steeds die beste kuur vir snotsiekte wees. Mag almal hulle depressiepilletjies weggooi en belê in 'n jaarlikse intekening op Die Huisgenoot (dit gaan altyd slegter met iemand in Die Huisgenoot as met jou). Mag huisgenote op stoele om kombuistafels sit en aandete met groente uit hulle eie tuin eet en bordspeletjies en kaart speel terwyl die draadloos in die agtergrond gons. Mag skerms kraak en boeke blom. Mag jy elke dag onbeskof uit jou maag lag en jou tjoppie met jou hand eet. Mag jy so gereeld as wat die brandstofprys dit toelaat die agterpaaie vat waar daar net vure en sterre is wat lig maak. Maak liefde eerder as rusie en onthou jy het nooit meer as nou nie.... Gister is 'n les en môre is 'n moontlikheid.


Druk die lewe in die rooi en leef onbevange in die oomblik...

Vat hom vas

Nataniel

Kinders

Noag vertrou op God



Genesis 8-9

SONDAG	MAAN	DINS	WOENS	DOND	VRYPDAG	SATERD
		1	2 Abe Meyer	3 Johan Ferreira Maylah Pieterse	4 Eben de Klerk Josie Engelbrecht	5
6	7	8	9 Koos Nagel Zante Britz	10	11	12
13	14	15 Freddie Bronkhorst Hilda Temple Martie Ackerman	16	17	18	19 Selwyn Anderson
20 Pieter du Preez	21 Manie van Aswegen	22	23	24	25	26
	28 Marietjie Johnsen					